## Skryftekens

Die **afkappingsteken** word in die volgende gevalle gebruik om meervouds- of verkleiningsvorms aan te dui:

- Woorde wat eindig op 'n **i**, **o**, **u** of beklemtoonde **a**, bv. foto's
- Woorde wat eindig op 'n **-e** of **-s** wat nie uitgespreek word nie, bv. Du Plessis'tjie
- Letters, syfers, jaartalle, bv. b's, 4'tjie, 1970's
- Afkortings en akronieme, bv. TV's

Die afkappingsteken word ook gebruik in die plek van letters wat weggelaat is, bv. daar's – daar is, hy't – hy het.

1. In die volgende sinne is die afkappingstekens weggelaat. Skryf die woorde wat wel met afkappingstekens geskryf behoort te word, korrek neer.

   a) Daar is twee Hugos in die klas en albei kry in die 90s vir Wiskunde.

   ______________________________

   b) Ons ouers geniet die musiek van die 1980s.

   ______________________________

   c) Die skadus teen die mure maak my bang.

   ______________________________

   d) Jy moet 'n klein videotjie van die eksperiment neem.

   ______________________________

   e) Kan al die Marais asseblief agterbly?

   ______________________________

   f) Die twee Cilliers het albei gewen, die 800s en die 1500s.

   ______________________________

   g) Hiers die As wat teen die muur opgeplak was.

   ______________________________

   h) Al die O/15s neem nou deel.

   ______________________________

   i) Die fototjie wat onder geplak is, is interessant.

   ______________________________

**Wenke**

Dis belangrik om skryftekens korrek te gebruik as jy skryf. Indien jy dit weglaat of verkeerd gebruik, word dit as 'n spelfout gemerk en verloor jy punte. **Leer** dus **die reëls** om seker te maak dat jy hulle korrek gebruik.


© Oxford University Press Southern Africa

2. Identifiseer die woorde waar die afkappingsteken verkeerd gebruik is.

   a) Skryf die woorde wat verkeerd geskryf is, korrek oor.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ekt | kombis | Du Preeztjie | skadutjie | b'tjie |
| die woord het twee ps | | emmer'tjie | al die le is skeef geskryf | |
| Roux'tjie | Terblanche'e | radio's | ekstra's | Gouws'e |

   b) Skryf die eerste letter van elk van hierdie woorde in die blokkies neer, en lees die sin hardop.

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | |

3. Herskryf die paragraaf en voeg die afkappingstekens korrek in.

Daar was vyf fototjies van die Du Toitjies. Die twee ouma's was nie op die fotos nie. Hulle het altyd net in BMWs gery. Die motors was Piet sn. Hyt altyd gespog en videos geneem. Hy is later met een van die Van Bredas getroud.

**Wenke**

- Onthou: Nie **alle** woorde wat op 'n **-a** eindig, kry 'n afkappingsteken in die meervoud- of verkleiningsvorm nie; **slegs** woorde wat op 'n beklemtoonde **-a** eindig, bv. pa's ✓ – oupa's ✗. Die woord oupas kry nie 'n afkappingsteken nie, want die klem val op ou en nie op a nie.
- Name en vanne wat op 'n **-z**, **-x** en 'n **-t** eindig maar nie uitgespreek word nie, **kry nie 'n afkappingsteken** in die meervoud- of verkleiningsvorm nie, bv. Du Preez, Rouxs, Du Toits.

© Oxford University Press Southern Africa